HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ

WEEKBRIEF 10 | **4 APRIL 2024**

UIT DIE KANTOOR

Baie welkom terug by die tweede kwartaal van 2024. Dit is met groot dankbaarheid in ons harte dat elke leerder, ouer en lid van die JF-gemeenskap veilig teruggekeer het na die vakansie. Ek wil glo dat u die rustydjie terdeë geniet het en gereed is om die nuwe kwartaal met entoesiasme en baie energie aan te pak. Hiermee ook 'n woord van groot dank aan elke leerder en onderwyser/buiteafrigter wat JF tydens toere in die vakansie verteenwoordig het. Dankie aan elke ouer/voog wat dit finansieel moontlik gemaak het om hierdie geleenthede vir ons kinders te skep. Die tweede kwartaal beloof om uiters opwindend te wees met vele aktiwiteite waar die JF-vlag met trots sal wapper!

Die leerders sal komende Maandag, 8 April 2024, hul rapporte ontvang. Gaan dit asseblief deeglik saam met u kind deur en maak gebruik van die geleentheid om afsprake te maak met die onderwysers vir die oueraand van Woensdag, 17 April 2024 (17:00 – 19:00). Die personeel gaan in hul klasse beskikbaar wees. Hierdie is 'n gulde geleentheid om vak- en registeronderwysers te ontmoet en uitdagings te bespreek. Dit sal raadsaam wees om afsprake te maak, dan kan personeel u beter te woord staan en ook onnodige lang rye by klasse voorkom.

Die tweede kwartaal beloof om uiters opwindende te wees met vele aktiwiteite waar die JF-vlag met trots sal wapper!

Akademie bly ons hoofprioriteit en ons moenie onverhoeds betrap word later in die jaar nie. Elke toets, projek of opdrag dra by tot die leerder se jaarpunt. Vat asseblief hande met die onderwysers en maak seker dat u kind se werk op datum is, toetse geteken word, opdragte betyds ingegee word, ensovoorts.

Gereelde skoolbywoning is die hoeksteen van effektiewe en doeltreffende leer. Vergewis uself weer van die beleid rakende die afhaal van leerders, doktersafsprake en dringende persoonlike aangeleenthede. **Geen siek leerder mag self met die ouers kontak maak nie, die kommunikasie moet via die skool se siekekamer en kantoor geskied**. Hier doen ek veral 'n ernstige beroep op die matriekouers om sterk te staan en die matrieks te motiveer en te ondersteun totdat ons hierdie hoofstuk van hul lewe aan die einde van hul matriekeindeksamen kan afsluit. Ek gee u die versekering dat die personeel geen steen onaangeroer sal laat wat tot voordeel van elke matrikulant en leerder van JF sal strek nie.

Hierdie naweek is dit dan ook die afskop van die **winterseisoen se sportligas** met die Wesgrow-bepaling teen Fichardtpark. Die program is reeds beskikbaar op sosiale media en reëlings word persoonlik met elke span getref. Gun my asseblief die volgende gedagtes rakende JF se deelname en betrokkenheid by die verskillende sportkodes en buitemuurse aktiwiteite:

- Respek vir die opponente, eie spelers, wedstrydbeamptes, afrigters en besoekende ondersteuners is nie onderhandelbaar nie. Mag die styl waarin ons kompeteer weerspieël word in die respek wat ons sonder voorbehoud uitdeel aan almal wat ons paaie op en langs die veld kruis.
- Ons leerders beoefen 'n sport wat bydra tot geheelmensontwikkeling, dit is nie 'n oorlog nie.
- Natuurlik speel ons om te wen en dit te geniet, maar verloor is ook deel van die lewe. Mag die JF 2024-seisoen gekenmerk word deur 'n nederigheid in ons suksesse en 'n waardigheid wanneer dit nie so goed gegaan het nie.
- Respekteer die logistieke reëlings wat by velde en bane van toepassing gaan wees.
- Geen skeidsregter het nog ooit sy/haar besluit verander nadat daar van die kantlyn aanmerkings gemaak is nie. Die teendeel is dalk eerder waar deurdat 50/50 van die beslissings dan nie altyd ten gunste van die span is nie.
- Taalgebruik en optrede van afrigters, onderwysers, ouers en ondersteuners moet altyd bo verdenking wees en van goeie smaak getuig.
- Kom ons gaan uit ons pad uit om besoekende skole gasvry te ontvang. Ek het een ding geleer en dit is dat tellings al lankal vergete is, maar dat die manier waarop jou opponent teen jou meegeding en jou laat voel het, nooit vergeet word nie.
- Leerders woon die sportgeleenthede in skooldrag by of andersins in skoolsweetpakke soos wat met hul vooraf gereël is.
- Die bemarkingswaarde van elkeen se optrede en sportmangees kan nie in terme van rand en sent gemeet word nie.
- Ek glo dat hierdie seisoen weereens ons slagspreuk sal bevestig, nl: Gelukkige kinders presteer!

In die volgende twee weekbriewe sal daar breedvoerig verslag oor die afgelope vakansie se aktiwiteite gedoen word. Baie geluk aan elke leerder wat presteer het, of dit nou in spanverband was of individueel. Die terugvoer wat ek van die onderskeie afrigters en spanbestuurders ontvang het, is dat die JF-leerders se gedrag, bedagsaamheid, goeie maniere en algemene optrede getuig het van **#TrotsJF.**

Vriendelike groete
Henri Wilken

Neem gerus kennis van al die belangrike datums wat as 'n opsomming in hierdie weekbrief aan u beskikbaar gestel word.

April

5 April
Saalopening: 1ste spanne
5 April – 6 April
Wesgrow: H/S Fichardtpark (weg)
8 April
Beroepedag / Markdag
10 April
JF-periode:JFFJ / JFMP
11 April
Radiant praise and worship: (Ma's wat omgee)
12 April
Sokkie: VRL
12 – 13 April
Netbal: Motheo-proewe
15 April
Gr. 7-Ouerinligtingsaand
15 April – 19 April
Redenaars: Oppitongaf
16 April
Graad 9: Vakkeuseaand
17 April
VRL-forum
18 April
Alpha
JFFJ
Redenaars: Oppitongaf
19 April
Radikale Redenaars: Streeksfinaal
19 – 20 April
Wesgrow: H/S Diamantveld (Tuis)

17 April OUERAAND
17 April OUERAAND
17 April OUERAAND
17 April OUERAAND

Graad 9 Vakkeuse Inligtingsaand

Die Leerderondersteuning-en-Ontwikkeling kantoor nooi u hartlik uit na die Graad 9 Vakkeuse Inligtingsaand.

Datum: 16 April 2024

Tyd: 18:00

Plek: JF Skoolsaal

Kom vind uit hoe die vakkeuseproses by JF werk en kom vra gerus vir die betrokke personeel vrae oor die verskillende vakke.

Leerders en ouers moet die aand asseblief saam bywoon.

UIT DIE KANTOOR VAN DIE

Sielkundige

ontvangs.loo2@jimfouchehs.com

TERUG NA DIE SKOOL: 'N NUWE BEGIN VOL MOONTLIKHEDE

Die skoolklokkie lui, en met 'n sagte sug van opgewondenheid en 'n bietjie nostalgie, is die lang verwagte terugkeer na die skool eindelik hier. Na dae van avontuur, rus en die ontdek van nuwe plekke en drome, is dit tyd om terug te keer na die vertroude klaslokaal, die geur van boeke en die ritme van die skoollewe.

Vir baie tieners kan die terugkeer na die skool ná 'n vakansie soos 'n bietjie van 'n aanpassing voel. Maar dis belangrik om te onthou dat dit nie net 'n terugkeer na die gewone is nie. Dit is 'n nuwe begin vol moontlikhede en geleenthede vir groei en sukses.

Elke nuwe skooltermyn bring 'n kans vir vernuwing. Dit is 'n kans om nuwe doelwitte te stel, nuwe vriendskappe te smee en nuwe kennis te verwerf. Dit is 'n tyd om jouself uit te daag, om te groei uit jou vorige self en om te word wie jy wil wees.

Elke nuwe skooltermyn bring 'n kans vir vernuwing en herbeginning.

Die skool is nie net 'n plek van leer nie, maar ook 'n plek van ontdekking. Dit is waar jy jou talente kan ontgin, jou passies kan najaag en jouself kan vind in die verskeidenheid van geleenthede wat daar gebied word. So, terwyl die vakansie se herinneringe nog vars in jou gedagtes is, neem 'n oomblik om jouself te herinner aan die doel wat jy wil bereik, die drome wat jy wil verwesenlik, en die potensiaal wat in jou skuil.

Jy het die krag om jou eie toekoms te skep, en die terugkeer na die skool is die eerste stap op daardie pad. Mag hierdie nuwe termyn 'n tyd wees van groei, vreugde en sukses vir elke tiener wat die skool se deure weer binnegaan. Welkom terug na die skool - mag jou reis na uitnemendheid begin!

UIT DIE LOO-kantoor

ontvangs.loo2@jimfouchehs.com

TERUG NA DIE SKOOL: 'N NUWE BEGIN VOL MOONTLIKHEDE



Die toekoms is ‘n wonderlike ding, en deur bewustelik daaroor na te dink, kan jy ‘n positiewe impak hê op jou eie lewe

MAANDAG, 8 APRIL 2024, is dit weer ons jaarlikse BEROEPEDAG en dit bied leerders die geleentheid om weer ‘n bietjie te dink oor hul toekomsplanne en om die nodige vrae te vra.

Loopbaanbeplanning is soos om 'n padkaart vir jou werklewe te skep. Dit gaan daaroor om doelwitte te stel en besluite te neem gebaseer op waarmee jy goed is, waarvan jy hou en wat vir jou saak maak.

Dit behels om na te dink oor jou vaardighede, belangstellings en waardes, navorsing, self-assessering en die stel van doelwitte.

Deur dit te doen, is jy in beheer, en maak jy keuses wat lei tot 'n bevredigende en suksesvolle loopbaan
Hier is 'n 9-stap-“beginnerhandboek” om jou op pad te help met loopbaanbeplanning:

1. Verstaan jou grondslag: Selfassessering
→ Begin met 'n deeglike selfevaluering.
→ Identifiseer jou vaardighede, belangstellings en waardes.

2. Stel doelwitte: Definieer jou pad
→ Bepaal wat jy in jou loopbaan wil bereik.
→ Formuleer spesifieke en realistiese doelwitte.

3. Verken Opsies: Ondersoek Loopbane
→ Ondersoek verskillende loopbane en beroepe.
→ Praat met mense wat reeds in daardie veld werk.

4. Vaardigheidsbou: Ontwikkel jou gereedskapstel

→ Leer nuwe vaardighede aan en verbeter 'n bestaande een.
→ Woon opleidingsessies en kursusse by wat te doen het met jou loopbaanrigting.

5. Netwerk: Bou professionele verhoudings

→ Maak kontak met mense in jou gekose veld.
→ Bou netwerke, woon konferensies en sosiale geleenthede by.

6. Omhels verandering: Aanpasbaarheid

→ Wees bereid om aan te pas by veranderende omstandighede.
→Leer uit mislukkings.

7. Leer uit ervaring: Soek leiding

→ Vra advies van mentors, kollegas en ervare persone.
→ Leer uit jou eie ervaring en foute.

8. Stel mylpale: Volg jou vordering

→ Stel tussentydse mylpale om jou vordering te meet.
→ Hou rekord van jou prestasies en groei.

9. Deurlopende Refleksie: Evaluering en Aanpassing

→ Evalueer gereeld jou loopbaanpad.
→ Pas aan waar nodig en bly gefokus op jou doelwitte.

Om te help is daar 'n hele paar uitstallers wat die dag bywoon, gaan maak gerus 'n draai by:

Akademia
AROS
Boston City Campus
CTU
Eduvos
FBI
I3A
Olive chef skool
OVC
OVK
Peritum Agri Institute
Qualitas Career Academy
Rhodes university
SA institute of Chatered Accountants
SA Truch Bodies Route Management
Universiteit van die Vrystaat (Kovsies)
Universiteit van Noordwes (Pukke)
UXI Sport

Onthou dat loopbaanbeplanning 'n geleentheid is om jou toekoms te vorm en 'n bevredigende loopbaan te bou.

Mag jou pad helder en suksesvol wees!


Moet oor niks
besorg wees nie,
maar maak in alles
julle begeertes deur
gebed en smeking
en met danksegging
aan God bekend.
Alles wat waar is,
alles wat edel is,
alles wat reg is, alles
wat rein is, alles wat
mooi is, alles wat
prysenswaardig is –
watter deug of
lofwaardige saak
daar ook mag wees
– daarop moet julle
jul gedagtes rig.
Fil. 4: 6 en 8
Gebed
Hoop
Liefde
Vreugde

OUERAAND

17 April 2024
Woensdag
17:00 - 19:00

Hoop om u daar te sien.
Maak gerus afsprake met die betrokke onderwysers.

OPE-AAND

Alle toekomstige graad 8-leerders van 2025, hul ouers en koshuisouers word uitgenooi.

15 April 2024
MAANDAG
18:00 - 20:30
JF-Skoolsaal

Koshuisbesigtiging na die verrigtinge welkom.

Kultuur

Vol kwartaal vir kultuur.
Alhoewel dit 'n die eerste kwartaal op die oppervlak gelyk het of kultuurfront was, is dit baie ver verwyder van die waarheid. Leerders en personeel was kliphard aan die oefen vir alles wat in die tweede kwartaal voorlê. Ons is opgewonde oor alles wat vir ons in die vooruitsig is. Redenaar- en debatskompetisies, Kunswedstryd, Reza de Wet, PV-toetsing en al die liefdadigheid van die Landsdiens.
Gordel vas, hier kom 'n bedrywige tweede kwartaal!

Akademie

EKSTRAKLASROOSTER

VERPLIGTE KLASSE SLEGS GRAAD 12

Vak	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag
Fisiese Wetenskap				13:45 – 14:45 Me. M Smit
Kuns	~~Prakties g 10-12~~ ~~14:00 – 15:30~~ Soos gereël met Me. A Opperman		~~Prakties g 10-12~~ ~~14:00 – 15:30~~ Soos gereël met Me. A Opperman	~~Prakties g 10-12~~ ~~14:00 – 15:30~~ Soos gereël met Me. A Opperman
Geografie			06:30 – 07:15 Mnr. H. Vermeulen	
Lewens-wetenskap	13:50 – 14:50 Me. J. Laning Me. A. v Rooyen	13:50 – 14:50 Me. A v Rooyen Me. J. Laning Me. L. Vermeulen		
Wiskunde			14:00-15:00 Me. A. Nel Me. J. Koekemoer Of 17:00 – 18:00 Me. J. Koekemoer	

ATLETIEK

ASA PRETORIA

Baie geluk

Bertie Cruywagen - 3de in SA met die 200 m mans 0/20. - 20.79

Danny Melaat - 0/18 SA Driesprong Kampioen! Hy het 'n ongelooflike afstand van 14.54 m behaal.

Danell Oelofse - 3de in die 2000 m Hindernis vir vrouens 0/18. Haar tyd - 07:17.49

#trotsJF
#trotsjfatletiek

12 ATLETE BAIE STERKTE

Bertie	Cruywagen	100 m	200 m
Amone	Verwey	200 m	
Danell	Oelofse	2000 m Hindernis	
Hanel	Browne	Verspring	Driesprong
Johaney	Du Toit	Gewigstoot	Hammer
Joshua	Oosthuizen	100 m	200 m
Danyon	Melaat	Verspring	Driesprong
Conrad	van der Zwaard	Gewigstoot	
Zanel	Carelzen	Spiesgooi	
Neldri	Du Toit	Hammer	
Ruan	Kruger	Hammer	
Robyn-Leigh	Viljoen	Verspring	

ATLETIEK VRYSTAAT SKOLESPAN

Die volgende atlete is in die Vrystaatspan ingesluit wat 3-6 April in die Paarl gaan deelneem.

Bertie Cruywagen en Joshua Oosthuizen is ook al twee gekies om vir die Vrystaat Span-aflosse en Medleys te hardloop.

#TROTSJFATLETIEK

#TROTSJF

WESGROW SENTRALE SKOLE SPORTREEKS

5 & 6 APRIL 2024

HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ

SAAI OM TE OES

VS

TE FHP

FICHARDTPARK

GLO WERK DIEN

UFS

SENTRAAL24

HOKKIEBEPALINGS

05 APRIL 2024

FICHIE ASTRO

Tyd	Span	
13:50	14A	Dogters
14:50	14A	Seuns
15:50	16A	Dogters
16:50	16A	Seuns

06 APRIL 2024

FICHIE ASTRO

Tyd	Span	
08:30	16B	Dogters
09:30	2de	Dogters
10:40	2de	Seuns
11:50	1ste	Dogters
13:00	1ste	Seuns

NETBALBEPALINGS

06 APRIL 2024

Tyd	Baan 1	Baan 2	Baan 3
09:00	19B	15B	14C
09:40	16A	14D	15C
10:20	17A	16B	19D
11:00	14B	19C	
11:40	19A		

RUGBYBEPALINGS

06 APRIL 2024

A-VELD

Tyd	Span
09:00	14A
10:00	15A
11:10	19B
12:20	16A
13:30	19A

B-VELD

Tyd	Span
09:00	19C
11:00	14B
12:00	15B

Hokkie

UHS HOCKEY FESTIVAL (21 - 24 Maart)
o/18A-hokkiedogters
JF vs. Nico Malan 4 - 0
JF vs. Union invitational 4 - 0
JF vs. Dirkie Uys 7 - 0
JF vs. Union 0 - 1
JF vs. Framesby 0 - 3
Baie geluk aan hierdie dogters wat algeheel vierde is na afloop van die UHS HOCKEY FESTIVAL.

ECHS-toernooi (30 Maart - 2 April)
o/16B-hokkiedogters
JF vs. Hugenote o/16A 0 - 3
JF vs. Midstream o/15A 0 - 2
JF vs. Queenstown o/16A 0 - 1
JF vs. Duineveld o/16A 0 - 1
JF vs. SMS o/16A 0 - 0
JF vs Ladybrand o/16A 0 - 0

Baie geluk aan die o/16A-hokkiedogters wat derde in die ECHS-toernooi (30 Maart - 2 April) eindig.
JF vs. Upington 1-0
JF vs. Ladybrand o/16B 4-0
JF vs. Midstream 5-0
JF vs. Randburg 1-0
JF vs. Potch Gim 1-0
JF vs. Midstream o/15A 2-2
JF vs. Voortrekker 0-0
JF vs Potch Volkskool 0-0
Geluk aan die volgende o/16A-hokkiedogters wat in onderskeie wedstryde as speler van die wedstryd aangewys is: *Chenique Erasmus, Masego Phala, Tahné Goosen, Angelise Smith en Suné Marais*.

Hoërskool Nelspruit

o/14A-hokkieseuns en o/14A-hokkiedogters (20 - 23 Maart)
Dogters:
JF vs. Ben Voster 1-1
JF vs. Uplands 3-2
JF vs. NHS1 4-2
JF vs. Helpmekaar 2-1
JF vs. Merensky 1-3
Seuns:
JF vs. Kempton Park 0-2
JF vs. Penryn 0-0
JF vs. NHS1 0-7
JF vs. Merensky 1-0
JF vs. Noordheuwel 0-0

Hokkie

Baie geluk aan die o/16A-hokkieseuns wat tweede in die ECHS-toernooi (30 Maart-2April) eindig.
Geluk aan die volgende 0/16A-hokkieseuns wat in onderskeie wedstryde as speler van die wedstryd aangewys is: *Matthew van Zyl, Eben Sander en Jayden Barlow*. Eben was twee keer speler van die wedstryd en hy is ook aangewys as die beste speler van die toernooi.
JF vs. Potch Volkskool 2 - 0
JF vs. Sutherland 2 - 0
JF vs. Potch Gim 0 - 0
JF vs. Midstream College 0 - 0
JF vs. Dr. Malan 0 - 1
Semi-finaal
JF vs. Potch Gim 2-0
Finaal
JF vs. Midstream College 1-2

Michaelhouse Hockey Festival (22 - 25 Maart) o/18B-hokkieseuns

JF vs. Maritzburg 0 - 9
JF vs. Falcon College 0 - 4
JF vs. Cornwall Hill 1 - 0
JF vs. St. Charles 0 - 2
JF vs. St. Davids Marist 0 - 4

O/16B-hokkieseuns uitslae vir die ECHS-toernooi (30 Maart - 2 April) :
Saterdag (30/03):
JF B 0-5 Potch Gim
JF B 0-1 Duineveld
Sondag (31/03):
JF 0-1 Sutherland
Maandag (01/04):
JF B 1-0 Edenvale
JF B 1-1 Rustenburg
JF B 2-1 Randburg
Dinsdag (02/04):
JF B 0-4 Sutherland

Michaelhouse Hockey Festival (22 - 25 Maart) o/18A-hokkieseuns

JF vs. Midstream College 2 - 1
JF vs. Hoër Volkskool 7 - 0
JF vs. Michaelhouse 2 - 3
JF vs. Hoërskool Linden 1 - 1
JF vs. Ashton College 1 - 2
JF vs. Bishops Diocesan 4 - 1

Netbal

Affies NETBALTOERNOOI 2024

O/14A

O/19A

O/17A

Affies NETBALTOERNOOI 2024

O/16A

O/15A

Netbal

AFFIES PRESTIGE NETBALTOERNOOI

O/18 A

48	JF vs. Wilgerivier	19
33	JF vs. Windhoek	31
48	JF vs. Heidelberg	14
35	JF vs. Cornwall Hill	17
24	JF vs. Affies 1	32
36	JF vs. Pietersburg	17
33	JF vs. Stellenberg	29

O/17 A

12	JF vs. Dr. E.G. Jansen	12
8	JF vs. Windhoek	19
7	JF vs. Heidelberg	22
4	JF vs. Rustenburg	20
5	JF vs. Affies 1	25
8	JF vs. Fichardtpark	16
8	JF vs. Nelspruit	15

O/16 A

17	JF vs. Stellenberg	24
15	JF vs. Dr.E.G. Jansen	14
19	JF vs. Rustenburg	23
19	JF vs. HTS Tom Naudè	12
19	JF vs. Affies 2	13
23	JF vs. Fichardtpark	5

O/15 A

3	JF vs. Dr. E.G. Jansen	19
9	JF vs. Garsfontein	14
12	JF vs. HTS Tom Naudè	14
7	JF vs. Rustenburg	13
4	JF vs. Affies 1	20
16	JF vs. Affies 3	22
8	JF vs. Stellenberg	20

O/14 A

13	JF vs. Nelspruit	9
13	JF vs. Windhoek	10
6	JF vs. Stellenberg	23
14	JF vs. Cornwall Hill	10
10	JF vs. Affies 1	18
8	JF vs. Pietersburg	14
23	JF vs. Trio	3

UITSPEELWEDSTRYDE

O/14 A

10	JF vs. Nelspruit	13

O/15 A

22	JF vs. Fichardtpark	10

O/16 A

10	JF vs. Affies 1	22

O/17 A

12	JF vs. Trio	12

O/18 A

42	JF vs. Rustenburg	15

Rugby

O/14A

JIM FOUCHÉ	0 - 44	GLENWOOD
JIM FOUCHÉ	12 - 36	NORTHWOOD
JIM FOUCHÉ	19 - 12	WESTVILLE

GLENWOOD TOER 2024

O/19A

JIM FOUCHÉ	45 - 3	CENTURION
JIM FOUCHÉ	26 - 3	FRIKKIE MEYER
JIM FOUCHÉ	26 - 25	WESVALIA

GLENWOOD TOER 2024

O/19B

JIM FOUCHÉ	5 - 34	SAREL CILLIERS
JIM FOUCHÉ	7 - 14	WESTVILLE
JIM FOUCHÉ	24 - 0	POTCH VOLKSKOOL

O/15A

JIM FOUCHÉ	22 - 21	GLENWOOD
JIM FOUCHÉ	14 - 40	WESTVILLE
JIM FOUCHÉ	29 - 5	KZN DEVELOPMENT

RUGBY

O/16A

JIM FOUCHÉ	34 - 7	SAREL CILLIERS
JIM FOUCHÉ	57 - 7	KZN DEVELOPMENT
JIM FOUCHÉ	5 - 19	WESVALIA

Sport

Perdry

Freestate Qualifier 2 held at the Kimberley Equestrian Centre on 9 and 10 March 2024.

Discipline	Placing
Dressage Freestyle	2
SANESA prix Caprilli	1
SANESA prix Caprilli	1
Dressage	3
Dressage	3

Swem

Baie geluk

Trompoppies

Uitslae: Kompetisie Saterdag, 16 Maart

Solo: Mace
Kay-Leigh Liddle 3de
Solo: Baton
Kay-Leigh Liddle 1ste
Solo: Pom
Bella Botha 3de
Solo: Vlag
Jayleen van Wyk 8ste
Mace Duo:
Kay-Leigh Liddle & Ona Loate 1ste
Mace Mini Formasie
JFDK 1ste
Vlag Mini Formasie
JFDK 2de
Pom Mini Formasie
JFDK - Silwer prestasie

#trotsJF